



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2013**

**AFRIKAANS HUISTAAL V3**

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

---

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:  
AFDELING A: Opstel (50)  
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (50)
2. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A en TWEE vrae uit AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloediagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.
7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Voorsien elke teks van 'n gepaste titel/opskrif.  
LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE (OPSTEL)****VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.

1.1 Ek het my lewe teruggekry. [50]

1.2 **BRAVO! BRAVO!** [50]

1.3 Genadedood is 'n manier om mense van 'n bestaan van pyn en lyding te verlos. Het ons die reg om 'n ander mens se lewe, dié grootste gawe wat daar is, te neem? [50]

1.4 **In die wiskundeklas**

Ek kwadreer en halveer –  
hoe hard ek ook al konsentreer,  
ek kry nie my werk begin nie.  
Niks maak meer sin.  
(of cos of tan) nie!  
Hoe moet ek aan die dink bly  
met jou hier reg voor my?  
Ek het gedink jy verstaan.  
Jy was my hele bestaan.  
Maar voordat ek kon keer  
het jy my tot 'n negatief  
geminimaliseer.

*Martie Kruger* [50]

1.5 “Sal alle passasiers van vlug 601 na uitgang 13 beweeg.” [50]

1.6 1.6.1



[50]

1.6.2



[50]

1.6.3



[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE****VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf skryfstukke van 180–200 woorde elk.

**2.1 KOERANTBERIG**

Skryf 'n KOERANTBERIG vir jou plaaslike dagblad oor EEN van hierdie onderwerpe.

*Steroïdes neem toe by skole*

*Chaos by musiekkonsert*

**Swak uitslae as gevolg van onderwystekorte** (25)

**2.2 BEDANKINGSBRIEF**

Jou afrigter het vir jou op vele terreine baie beteken. Julle gaan verhuis.

Skryf 'n BEDANKINGSBRIEF om hom/haar vir alles te bedank.

**2.3 TYDSKRIFARTIKEL**

'n Allesoorheersende kompetisiegees kan dalk net so gevaarlik wees soos 'n totale gebrek daaraan.

Skryf 'n TYDSKRIFARTIKEL waarin jy aan jongmense raad gee oor hoe om 'n gesonde balans te handhaaf. (25)

**2.4 TOESPRAAK**

Die media is aandadig daaraan dat die jongmens sinies en swartgallig oor hul toekoms voel.

Skryf 'n TOESPRAAK waarin jy jou opinie oor die aangeleentheid gee. (25)

**2.5 BRIEF AAN DIE PERS**

Skryf 'n brief aan jul plaaslike koerant waarin jy jou kommer uitspreek oor die geweldige koste verbonde aan die matriekafskied. (25)

**2.6 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou vriend /in het tydens die jaarlikse sport- of akademiese prysuitdeling uitstekend presteer. Skryf 'n brief waarin jy hom/haar met hierdie prestasie gelukwens. (25)

**TOTAAL AFDELING B: 50**  
**GROOTTOTAAL: 100**

